14 Augustus 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 23

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Sinodaal

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die *Kerknuus* word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.

Voorblad

Besondere erkenning vir die *HTS Teologiese Studies*

Besondere erkenning het die *HTS Teologiese Studies* pas te beurt geval toe *Thomson Scientific* (Philadelphia, VSA) op 10 Julie 2008 bekend gemaak het dat die *HTS* voortaan by die *Institute for Scientific Information* (ISI) offisieel geakkrediteer word en dat alle artikels, boonop sedert 2007, deur *Thomson Reuters* se dienste sowel geïndekseer as geabstraheer gaan word. Hierdie is die bekroning van 'n sewe jaar lange en intensiewe proses van die *HTS* om ISI-erkenning te bekom.

Dit is besonder buitengewoon dat 'n teologiese vakjoernaal hierdie tipe erkenning kry. Die rede is dat teologie in die moderne akademiese wêreld nie as 'n selfstandige wetenskaplike kategorie gereken word nie en dat die natuurwetenskappe om verskeie redes die toneel oorheers. Boonop is hierdie tipe akademiese indekse so ontwerp dat dit ten doel het om die impak van aangehaalde wetenskaplike navorsing te kwantifiseer. Dikwels is dit gekoppel aan sekere borgskappe en ander finansiële oorwegings, wat meting van byvoorbeeld markgerigte vraag en aanbod noodsaaklik maak.

Die ISI het die *HTS Teologiese Studies* gevolglik by die sogenaamde *Arts and Humanities Citation Index*® geplaas. Tans is daar net nog een ander Suid-Afrikaanse teologiese tydskrif wat by die ISI geakkrediteer is, naamlik *Acta Theologica.* Die Universiteit van Pretoria se ander teologiese tydskrif, *Verbum et Ecclesia*, is in voorbereiding om aansoek te doen en die Fakulteit Teologie vertrou dat dit ook soos die *HTS* in die toekoms op hierdie wyse internasionaal erkenning sal geniet.

Die standaard wat *Thomson Scientific* vir keuring stel, is besonder hoog. Wêreldwyd word ongeveer 2 000 wetenskaplike tydskrifte per jaar vir oorweging voorgelê, waarvan slegs 10-12% akkreditasie ontvang. Thomson roem daarop dat hulle indeks juis nié alle tydskrifte insluit nie, maar wel omvattend en verteenwoordigend van die beste akademiese tydskrifte in die wêreld is. Tans is nagenoeg 1 130 wetenskaplike tydskrifte by hulle *Arts and Humanities Citation Index*® geakkrediteer.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

Onder die eerste 100 Suid-Afrikaanse vakjoernale is die *HTS* dié teologiese tydskrif wat die meeste gesiteer word en wat al die vakjoernale in Suid-Afrika betref, die natuurwetenskappe ingesluit, beklee die *HTS* die 14de plek so ver dit die impak van sitasies raak.

Etlike faktore word deur ISI by die evaluasieproses in ag geneem. Daar word byvoorbeeld gekyk na ’n tydskrif se interne standaarde soos gereelde en stiptelike verskyning, redaksionele beleid en administratiewe keurigheid, verwysingstelsel, eweknie-evaluering van voorleggings, internasionale en diverse medewerkers en, laastens, aanvaarding by ander internasionale indekse. Toeganklikheid is ’n uiters belangrike kriterium en daarom moet die noodsaaklike inligting van ’n tydskrif ook in Engels aangebied word (byvoorbeeld die abstrak en bibliografie by artikels) en moet die artikels in die tydskrif elektronies aanlyn vir gebruikers beskikbaar wees.

Miskien verduidelik Thomson Reuters se missie die waarde van akkreditasie die beste: *We combine authoritative information with innovative technologies to enhance our customers' ability to achieve world-class research and business results. Our information solutions assist professionals at every stage of research and development from discovery and analysis, to product development and distribution.*

Een ding is duidelik: die *HTS Teologiese Studies* is deur hierdie internasionale akkreditasie bewys as ’n internasionale tydskrif en elke artikel wat daarin verskyn, strek die outeur daarvan tot eer. Danksy die elektronika is die *HTS* nou letterlik so ver van mens af as wat jou internetrekenaar is. Gaan gerus na *Google Scholar* (http://scholar.google.com/schhp) en tik enige outeur se naam in wat in die *HTS* publiseer en siedaar, al die relevante publikasies verskyn in ’n oogwink!

— **Prof Johan Buitendag**
Voorsitter: Redaksie *HTS Teologiese Studies*

Kerknuus

BEROEPENUUS

►Beroepe ontvang

Ds Hardie Kotzé van Vryburg na Schweizer-Reneke

Ds Hannes (JA) Jansen van Rensburg, beroepafwagtende predikant, na Brakpan-Harmonie

►Beroepe aanvaar

- **Ds Fanie Beukes** van Witbank na Wesmoot
- **Ds Robert Jones** van Oudtshoorn na Kriel

Terug na Voorblad

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Die volgende predikante emeriteer vanjaar:**

- Ds Johan Wagenaar van Johannesburg-Wes
- Dr Gerrie Bloem van Oos-Londen
- Ds WP Prinsloo van Waterberg-Wes
- Ds Wilhelm Steyn, sekretaris in kerkverband by die Bybelgenootskap
- Ds Willie Herbst, tans medies ongeskik
- Prof Alex Antonites, dosent by UP en deeltydse predikant van Primrose-Oos

► **Dr Daan van Wyk** (sr), emerituspredikant, help tans by Gemeente Warmbad na die vertrek van ds Stephan Hoffman na Port Elizabeth, terwyl die kerkraad gereedmaak om te beroep.

► **Ds Nico van Rensburg** vier op Sondag 31 Augustus sy 50ste ampsjubileum. Hy lei die erediens by Gemeente Noordelike Pretoria. Dr Fanie Pretorius sal namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelukwense aan ds Van Rensburg oordra. Ds Van Rensburg help tans in die gemeentes Dordrecht en Queenstown met prediking en krisispastoraat.

► **Ds Piet Rautenbach**, predikant van Nkana, is vir ’n week of wat by sy gesin in Schweizer-Reneke. Hy is tans alleen in Zambië aangesien sy dogter eers vanjaar die matriekeksamen moet aflê. Sy gesin sal later vanjaar by hom aansluit.

► **Ds Gerrie Botha**, predikant van Gemeente Viljoenskroon, is onlangs in die hospitaal in Bloemfontein opgeneem met longontsteking. Dit gaan beter met hom en hy is reeds tuis.

► **Ds WP Prinsloo**, predikant van Waterberg-Wes, het onlangs ’n groot operasie ondergaan. Dit gaan onder omstandighede goed met hom en hy sterk vinnig aan.

► **VOORBIDDING** word steeds gevra vir die volgende persone:

- **Ds Piet Steenkamp,** wat wag vir ’n geskikte hart vir ’n hartoorplantingsoperasie.
- **Ds en mev Gert van Staden,** wat hulle seun verlede week begrawe het na ’n motorfietsongeluk.
- **Dr en mev Jan Truter** met mev Truter se ernstige siekte.
- **Ds en mev Jan Kay,** wat onlangs ook hulle seun begrawe het na ’n motorfietsongeluk.
- **Ds Haas van Rensburg,** wat in Potchefstroom by sy kinders woon en wat nog baie siek is.
- **Ds Herbert Dreyer,** wat baie verswak en tans saam met sy vrou in Ons Tuis woon.
- **Mev Dirkie Naudé,** die eggenote van ds Koos Naudé, wat baie pyn ervaar as gevolg van kanker.
- **Ds Gert van Staden** (jr) en sy familie, wat onlangs hulle pa begrawe het.
- **Die eggenote** van prof Andries van Aarde, wat aansterk na ernstige siekte.

BEDIENINGSNUUS

■ Op Sondag 24 Augustus word die **Bartolomeusnag-gebeure** herdenk. Predikante behoort op dié dag minstens die gemeentelede in te lig waaroor dit gaan.

■ Die insameling vir die aankoop van die **pastorie vir Gemeente Nkana** vorder goed. Uit ringsverslae is bemerk dat daar gemeentes en ringe is wat besluit het om vir die projek by te dra. Daarvoor is daar groot dankbaarheid. Dit sal waardeer word as die gelde so gou moontlik na die rekening oorbetaal sal word.

Die positiwiteit van gemeentes ten opsigte van die projek is ongelooflik. Dit was ook in die verlede so toe daar onder leiding van dr Hennie van Deventer tydens ’n Algemene Kerkvergadering geld ingesamel is vir ’n nuwe bakkie waarmee ds Riaan Botha die werk kon doen.

Terug na Voorblad

■ Gemeente Rooihuiskraal 20-jaar feesvieringe

Hiermee nooi die predikante, kerkraad en lidmate van Gemeente Rooihuiskraal u hartlik uit om te kom deel in ons feesvieringe ter herdenking van die gemeente se 20-jarige bestaan.

PROGRAM

Dindag 19 Augustus

- Gholfdag

Kontak Hans Murray by 083 654 7357 vir inskrywings en reëlings

Vrydag 22 Augustus (Laerskool Uitsig)

- 17:00 Kosverkope
- 19:00 Musiekkonsert deur Danie Botha – gratis toegang
- 21:00 Deurnag vlotbou en kamp op rugbyvelde

(Karavane en tente gratis, koshuiskamers op terrein met 2/3/4 beddens beskikbaar teen R50 pppn – bespreek by Koos Myburg by 082 901 0892)

Saterdag 23 Augustus (Laerskool Uitsig)

- 09:00 Vlotbou, mini-basaar, boeresport, vlieërkompetisie, kosverkope
- 12:00 Optog met vlotte deur woongebied tot by kerk
- 13:00 Voorbereidingsdiens by kerk
- 15:00 Skaapbraai by Laerskool Uitsig
- 18:00 Gemeentekonsert in skoolsaal – toegang gratis

(Koop asb vooraf kaartjies by Tonie Naude by 082 653 2319 – R80 pp, kind o/12 en pensioenaris R40 pp)

Sondag 24 Augustus (Kerkgebou)

- 10:00 Nagmaal
- 11:00 Groeteboodskappe, gedenkmuur onthul, tee en verversings
- 12:00 Danksegging

Navrae: Dr Gerhard Lindeque: 082 374 8703
SMS asb besonderhede van oudlidmate met wie u kontak het.

Advertensies en kennisgewings

● ’n Dagseminaar oor **bipolêre depressie** word aangebied op 6 September by Shelanti Konferensiesentrum in Jeanlaan, Centurion. Gaan na www.drhansdreyer.com om vir die seminaar te registreer.

Sprekers:

- Dr Franco Collin, ’n psigiater wat spesialiseer in bipolêre depressie
- Diagnose en die rol van medikasie
- Dr Hans Dreyer, pastorale berader wat bipolêre depressie en die l**angtermyn instandhouding daarvan** as sy spesifieke veld van belangstelling het

Die rol van ondersteuningstelsels teenoor ’n persoon met bipolêre depressie word ook hanteer.

● **SENIORDAL AFTREE-OORD**, KIESERSTRAAT 126, RIETONDALE, PRETORIA

’N TUISTE VIR SELFVERSORGENDE BEJAARDES, GEMEENSKAPSPROJEK van GEMEENTE PRETORIA

- 58 EENHEDE (1-SLAAPKAMER-, 1½-SLAAPKAMER- EN 2-SLAAPKAMEREENHEDE)
- GOEIE LIGGING IN DEERNIS/RIETONDALE
- DIGBY ONS TUIS, HOSPITALE, MIDDESTAD

SKAKEL 012 329 4318 (Voormiddae)

Terug na Voorblad

● Gemeente Randburg, in samewerking met BARNYARD **Theatre Cresta**, bied op 24 September 2008 aan: **The Boys are Back in Town**.

Alle fondse is ten bate van CHOC Childhood Cancer Foundation Johannesburg.
Pryse: R150 per persoon
(eetgoed word voorsien) of R125
per persoon (bring eie eetgoed)

Kaartjies is slegs by die gemeentelike kerkkantoor beskikbaar.
Kontak Elna by 011 787 4893 ElnaV@nhk-randburg.org.za
of ds CJ van Wyk by 011 787 3020 / 082 898 2345 cjvwyk@nhk-randburg.org.za

● **Aansoeke word ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**
Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

NAVRAE
Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV VOOR 31 AUGUSTUS 2008 AAN
Die Mannekragbestuurder
Mnr P Beukes
Posbus 2368
PRETORIA
0001

● **OTTOSDAL-OESFEES BERGFIETSWEDREN**
DATUM: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 10:00-14:00
Plek: Wegspring op Oesfeesterrein Ottosdal. Roete oor die rooi rantjies om Ottosdal
Afstande: 42 km, 21 km, 10 km

Inskrywings kan vooraf per e-pos of faks gedoen word. Lyninskrywings ook vanaf 08:00-09:45
Navrae en inskrywingsvorms: Theuns 082 928 3688 of e-pos: frikkiesmith@yahoo.com
Kom tem die rooi rantjies om Ottosdal oor historiese terrein, terwyl die gesinslede wat nie ry nie kan ontspan en rondstap by die Oesfees op die terrein. Hierdie wedren groei elke jaar in getalle en is een van die beste in die weste!

■ **NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum**.
Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by www.naviredd.co.za

Datum: 16 Augustus 2008
Tyd: 18:00 vir 19:00
Koste: Kaartjies wissel van R50 tot R120 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.
Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos.
God se hawe van hulp en hoop. www.kpo.co.za

Terug na Voorblad

● **DIEPSEE HENGELVAKANSIE IN 'TOFO' MOSAMBIEK**
4 PERSONE 7 DAE, DIE VOLGENDE INGESLUIT:
VERVOER VANAF KOSTER/PRETORIA NA TOFO EN WEER TERUG, ETES, VERBLYF, BOOT EN STOKKE VIR HENGEL.
DATUM AANPASBAAR BY WENNER. BRING SAKGELD EN PASPOORT. KAARTJIES SLEGS R50.
TREKKING 6 SEPTEMBER 2008.

AANGEBIED DEUR GEMEENTE KOSTER
KONTAK: KOOS VORSTER 072 403 2518
MARTIN VORSTER 082 874 7642
Prys ter waarde van ongeveer R30 000!!!!

HORIZON
FUN CYCLE RACE

Horison Bergfietspretresies

Datum: Saterdag 16 Augustus 2008
Tyd: 07:00 – 12:00
Plek: Logwood Bike Haven, Muldersdrift
Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos
Koste: R200 per span
Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067
Inskrywings: Enteronline (www.entrytime.com)
Meer inligting: www.nhk.org.za

PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS!
HEERLIKE EETGOED TE KOOP!

■ **Gemeente Primrose** se jaarlikse Lentemark vind plaas op Saterdag 30 Augustus op die kerkterrein (hv Castor- & Plutostraat, Fishershill). Daar is kosstalletjies met vetkoek, pannekoek, jaffels, nagereg, koek en nog vele meer. Vir die kinders is hope pret beplan met inkleurkompetisies, gesigverf, teikenskiet, ensovoorts. Buite-uitstallers is ook welkom.

Indien ons die teikenbedrag bereik, sal ds Paul J van Rensburg vir twee Sondae met sy kortbroek en tekkies moet preek.

Navrae Chris 011 828 1525 en Annatjie 083 360 2692.

■ **JAARLIKSE MUSIEKFEES – Krugersdorp-Noord**
Gemeente Krugersdorp-Noord bied weer hul jaarlikse Musiekfees aan op Vrydagaand 22 Augustus 2008 om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp.
Die F # koor onder leiding van Attie Rossouw tree op. Attie rig verskeie kore af. Die orreluitvoering word gedoen deur Janandi van Schoor, wat so pas 'n CD uitgereik het saam met Wim Viljoen en ander kunstenaars.
Saam met haar tree ook die violis Günther Höne en die hobospeler Cameran Harris op.

Plaaslike kunstenaars tree ook op: Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyr, Marius Mynhardt, Rianda Fourie. Samesang sal ook plaasvind. Moenie hierdie uitmuntende geleentheid misloop nie.

Navrae: Ds Johan en Marita Fourie 011 953 1402 / 072 278 1456.
Koste is R50.

Terug na Voorblad

■ **Pastorale beradingskursus: Genesing van emosionele pyn**
Potchefstroom: 20 September 2008. *Prof Wentzel Coetzer*

In hierdie kursus word na verskillende areas gekyk waar mense oor die algemeen emosioneel seerkry, reeds vanaf ’n baie vroeë stadium van hulle lewe. Indien sulke onverwerkte pyn maar net diep weggebêre word, is dit geneig om gedurende latere jare meer en meer na die oppervlakte te kom in allerlei verskuilde vorme. Daar word onder andere gelet op onverwerkte trauma wat dikwels die aanleidende oorsaak tot abnormale vrese is. Verder word ook sterk gefokus op die rol van die leuen, gekoppel aan insidente van verwerping en emosionele aftakeling. Genesing impliseer dan onder andere dat die leuen vervang moet word met die waarheid.

Daar word ook gefokus op die rol van ongesonde emosionele bande uit die verlede wat dikwels geneig is om emosionele en geestelike genesing te blokkeer. Talle voorbeelde word bespreek en praktiese riglyne vir die pastorale begeleiding van persone word aan die orde gestel.

Plek: Gastehuis aan linkerkant van hoofgebou van ALS-groep – ongeveer 2 km uit Potchefstroom op JHB-pad (N12) aan linkerkant
Koste: R140 (sluit in sleutelnotas)
Tyd: 08:00 – 13:00
Navrae en bespreking: 083 660 0409 of **wentzelcoetzer@telkomsa.net** (huis)
wentzel.coetzer@nwu.ac.za (universiteit)
Handleiding te koop (opsioneel): R120

■ **Pastorale beradingskursus: Die wisselwerking tussen liggaam, gees en siel**
Potchefstroom: 25 Oktober 2008. *Prof Wentzel Coetzer*

In hierdie kursus word veral gefokus op die volgende aspekte:

- Die pastorale implikasies van die verbintenis liggaam/denke. ’n Bespreking van die sterk wedersydse invloed tussen liggaam en denke – ook die invloed daarvan op die immuunsisteem.
- Die rol van breinbeserings met betrekking tot pastorale berading. Hier gaan dit om die baanbrekerswerk van dr Daniel Amen op die gebied van breinskandering en die implikasies wat dit het vir pastorale berading.
- Pastorale implikasies betreffende die noue wisselwerking tussen liggaam, gees en siel.
  Hier word ’n samevatting gegee van die belangrikste aspekte in die boek *Blue Genes* deur dr Paul Meier *et al.* Hier gaan dit veral oor die rol van medikasie met betrekking tot pastorale berading.
- Liggaamlike probleme as moontlike uitvloeisels van onverwerkte trauma.
  In hierdie sessie word gefokus op die noue verband tussen onverwerkte trauma en sekere liggaamlike probleme. Soms vind daar spontane fisiese genesing plaas nadat trauma hanteer is.
- Die impak van intergeneratiewe trauma.
  Hier gaan dit oor die geweldige impak van een generasie se onverwerkte trauma op ’n volgende generasie – in besonder ook wat betref liggaamlike probleme.

Plek: Gastehuis aan linkerkant van hoofgebou van ALS-groep – ongeveer 2 km uit Potchefstroom op JHB-pad (N12) aan linkerkant
Koste: R140 (sluit in sleutelnotas)
Tyd: 08:00 – 13:00
Navrae en bespreking: 083 660 0409 of **wentzelcoetzer@telkomsa.net** (huis)
wentzel.coetzer@nwu.ac.za (universiteit)
Handleiding te koop (opsioneel): R120

Terug na Voorblad

■ **Aandag alle Hervormers in die onderwys**
Ons wil graag Hervormde lidmate wat reeds 5 jaar of langer in die onderwys is, betrek by die skryf van ons nuwe kategesehandleidings. Ons soek spesialiste wat lank vir kinders in een bepaalde fase skoolgehou het, en wat kan help om te verseker dat die lesmateriaal presies op die vlak van daardie betrokke ouderdomsgroep afgestem is. Hierdie onderwysers moet ons help om die lesse in te klee, en ook om die finale les vir die katkisante te skryf. Daar is 'n vergoeding betaalbaar vir die werk.

Die Raad vir Gesinsorg beplan twee intensiewe werkswinkels by Gemeente Montana. Belangstellende onderwysers moet dit bywoon:
4 en 5 September 2008: Graad 3
22 en 23 September 2008: Graad R, en grade 4 tot 10

Kom benut u uitgebreide ervaring en help met die produksie van gehalte hulpmiddels om ons kinders op die uitdagende pad van verantwoordelike Christenwees te plaas.

Stuur asseblief u besonderhede (naam, adres, telefoonnommer, ervaringsvlak) aan dr Hannes Beukes by hannesbeukes@vodamail.co.za

■ Uitnodiging na die **derde gesamentlike simposium van die Afrika Instituut vir Missiologie en die Lutherse Teologiese Seminarium in Pretoria**

Tema: Die kerklike diakonaat en ons kulturele omgewing
Sprekers: Dr Wilhelm Coetzer (namens AIM) en prof Tim Quill (Ford Wayne in die VSA, namens die LThS)
Plek: Hervormde Gemeente Oos-Moot
Dag: Vrydag 15 Augustus Tyd: 09:00 – 13:00

Almal is hartlik welkom. Aangesien daar verversings bedien sal word, word voornemende simposiumgangers versoek om prof Natie van Wyk teen Donderdagmiddag 14 Augustus in kennis te stel van hulle voorneme om dit by te woon. Kontak hom by aim1@mweb.co.za of 082 448 4759.

■ **Die Moderamen** en lede van die Raad vir Ekumene het die afgelope week gesprek gevoer met die Moderamen van die VGK en met die president van die WARC, dr Kirkpatrick. Sake waaroor in die toekoms gepraat gaan word, is geïdentifiseer. Die gesprekke was suksesvol.

■ Tydens die **Septembervergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** word onder meer aandag gegee aan ringsverslae. Op dié manier kom al die werksaamhede van die ringsvergaderings op die tafel van die Kommissie. Verskeie ringskribas het nog nie hulle verslae ingehandig vir verwerking nie. Hulle het nog tyd tot Vrydag 15 Augustus. Indien die verslae nie betyds ingehandig word nie, neem die Kommissie nie kennis van enige werk of besluite wat deur die ringsvergadering geneem is nie.

■ **Die volgende vergaderings word in die volgende week op die gewone vergaderplekke gehou:**
- Die Raad van Finansies vergader op Vrydag 15 Augustus om 09:00.
- Die Moderamen vergader op Woensdag 20 Augustus.

Sperdatum vir berigte, advertensies en kennisgewings

Lesers moet asseblief daarop let dat alle berigte, advertensies en kennisgewings vir publikasie in die *e-Hervormer* voor **Dinsdae om 17:00** gestuur moet word aan *nuus@hervormer.co.za*. Insette wat later as hierdie spertyd ontvang word, sal eers in die volgende week se uitgawe verskyn. Alle insette is onderhewig aan goedkeuring en redaksionele verandering waar nodig.

Terug na Voorblad